ONDERSTEPOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

For animal use only

LIVE
RIFT VALLEY FEVER
VACCINE FOR CATTLE, SHEEP AND GOATS

Reg. No. G 0119 (Act 36/1947) Namibia: NSR 0580

Freeze-dried, live attenuated Rift Valley fever virus (Smithburn strain) for the immunisation of cattle, sheep and goats against Rift Valley fever.

Store the vaccine in a refrigerator at a temperature of 4 ˚C to 8 ˚C. Do not use after the expiry date printed on the bottle.

RECOMMENDATIONS FOR USE
Animals can be vaccinated at any age except that lambs, calves and kids from immune animals should not be inoculated before they are six months old because maternal antibodies may block the vaccine response. This disease occurs during the late summer and autumn and it is, therefore best to inoculate susceptible animals during spring, three to six weeks before the mating season. Where possible, breeding should also be arranged so that ewes lamb from February to April to ensure that lambs will be adequately protected by maternal antibodies during the time of the year that this disease occurs. Annual vaccination is recommended.

WARNINGS
Do not slaughter animals for human consumption within 7 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Under normal circumstances pregnant animals should not be inoculated with this vaccine as it can cause abortion or foetal malformation in a small percentage of animals, particularly sheep. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of seasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed.
Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either needles or syringes. The active ingredient of the vaccine is in the form of a powder or pellet in a small bottle. By means of a sterile syringe, transfer 5 ml diluent to the bottle containing the freeze-dried vaccine. Mix thoroughly until the powder is dissolved. Transfer the suspension back to the remaining diluent and again mix well. The vaccine is now ready for use and must be injected without delay. Avoid exposure to high temperatures and direct sunlight during inoculation. Shake the bottle before filling the syringe. Use a separate needle for each animal, particularly during outbreaks of the disease.

DOSAGE:
Cattle, sheep and goats: **1 ml subcutaneously**

EFFECTS OF THE VACCINE
A slight febrile reaction may occur on the second to fourth day following inoculation but subsides rapidly. Full immunity is usually obtained three weeks after inoculation, but cannot be guaranteed in all animals.

PACKING
Available in bottles of 100 doses.

Registration holder:
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

P2153
Made in South Africa Edition 5

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

LEWENDE
SLENKDALKOORS
ENTSTOF VIR BEESTE, SKAPE EN BOKKE

Reg. Nr. G 0119 (Wet 36/1947) Namibië: NSR 0580

Lewende, verswakte Slenkdalkoorsvirus (Smithburn stam) in gevriesdroogde vorm vir die immunisering van beeste, skape en bokke teen Slenkdalkoors.

Bewaar die entstof in 'n yskas by 'n temperatuur van 4 ˚C tot 8 ˚C. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.

AANBEVELINGS VIR GEBRUIK
Diere kan op enige ouderdom ingeënt word behalwe dat lammers, kalwers en bokkies van gesoute diere nie ingeënt moet word voordat hulle ses maande oud is nie omdat die teenliggame in die biesmelk die uitwerking van die entstof mag belemmer. Hierdie siekte kom gedurende die laat somer en herfs voor en daarom is dit wenslik om vatbare diere gedurende die lente, 3–6 weke voordat die ooie by die ramme geplaas word, in te ent. Indien moontlik moet teling so gereël word dat ooie vanaf Februarie tot April lam om te verseker dat lammers beskerm is deur die teenliggame in die biesmelk gedurende die tyd van die jaar wanneer hierdie siekte voorkom. Jaarlikse inenting word aanbeveel.

WAARSKUWINGS
Moet nie diere binne 7 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Hou buite die bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Onder normale omstandighede behoort dragtige diere nie met lewende entstof ingeënt te word nie aangesien dit in 'n klein persentasie van dié diere, maar veral in skape, aborsies of fetale misvorming kan veroorsaak. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik slegs soos voorgeskryf.
Sterliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. Die aktiewe bestanddeel van die entstof is in die vorm van 'n poeier of klont in 'n klein botteltjie. Dra 5 ml verdunningsvloeistof met 'n steriele spuit oor na die botteltjie gedroogde entstof. Meng deeglik totdat die poeier opgelos is. Dra die opgeloste entstof terug na die oorgeblewe verdunningsvloeistof en meng weer goed. Die entstof is nou gereed vir gebruik en moet dadelik ingespuit word. Vermy blootstelling aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting. Skud die bottel goed voor gebruik. Gebruik 'n afsonderlike naald vir elke dier, veral tydens Slenkdalkoors uitbrake.

DOSIS:
Beeste, skape en bokke: **1 ml onderhuids**

UITWERKING VAN DIE ENTSTOF
'n Ligte koorsreaksie wat gou verdwyn mag vanaf die tweede tot vierde dag na inenting voorkom en na drie weke is die diere gewoonlik ten volle beskerm, dit kan egter nie in alle diere gewaarborg word nie.

VERPAKKING
Beskikbaar in bottels van 100 dosisse

Registrasiehouer:
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

P2153
Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 5